education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERBRUIKERSTUDIES (KLEDING EN MEUBELSTOWWE)

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2010

Hierdie riglyne bestaan uit 16 bladsye.

INLIGTING VIR ONDERWYSERS

Kopiereg voorbehou

Verbruikerstudies Praktiese Assesseringstaak
Produksie van Kleding en Sagte Meublement

1. OORSIG

Tydens die Praktiese Assesseringstaak moet die leerder sy/haar **kennis en praktiese vaardighede** demonstreer om kledingstukke of sagte meublement op kleinskaal te vervaardig.

Die leerder moet ook die kreatiwiteit en vermoë demonstreer om ŉ **implementeringsplan te ontwikkel om die produkte te bemark,** en ook om die **volhoubare winsgewendheid van die mikro-onderneming te bepaal**.

Die Praktiese Assesseringstaak vir Graad 12 bestaan uit ŉ reeks van drie take:

a. Kwartaal 1: Implementeringsplan vir die produksie en bemarking van tuisgemaakte items

Leerders moet ŉ implementeringsplan opstel vir die **produksie en bemarking van ŉ item,** en die volhoubare **winsgewendheid** van die onderneming bepaal. Die leerders moet die teikenmark vir hierdie item beskryf, inligting rakende kompeterende ondernemings inwin en bepaal watter hulpmiddels en toerusting nodig sal wees om die tuisonderneming te begin. Hulle moet ŉ bemarkingsplan vir die item ontwikkel, en die produksiekoste, verkoopprys en wins bereken.

b. Kwartaal 2: Praktiese eksamen

Leerders maak die item wat hulle vir die tuisonderneming gekies het.

c. Kwartaal 3: Praktiese eksamen

Leerders voltooi die item wat hulle in die vorige eksamen begin het, of maak ŉ nuwe item.

2. PUNTETOEKENNING

Leerders werk individueel aan Praktiese Assesseringstaak.

Elkeen van die drie take bestaan uit 100 punte. Die punt vir die finale Praktiese Assesseringstaak word verkry deur die punte vir take 1, 2 en 3 soos volg bymekaar te tel:

Implementeringsplan kwartaal 1	100
Praktiese eksamen kwartaal 2	100
Praktiese eksamen kwartaal 3	100
Totaal	300 ÷3
Finale punt vir PAT	**100**

Die punte vir die PAT vorm nie deel van die Skoolgebaseerde Assessering (SBA) nie en mag nie bygetel word by die kwartaalpunte nie. Dit vorm deel van die einde van die jaar se assessering. Twee aparte gerekenariseerde puntestate sal deur die provinsie voorsien word, een vir SBA en een vir die PAT.

Punte vir die item wat die leerders gedurende die kwartaal maak om die tegnieke vir die praktiese eksamen te oefen, kan as ŉ praktiese punt vir die kwartaal gebruik word.

Kopiereg voorbehou

3. VEREISTES

Verbruikerstudies is ’n keusevak met verskillende opsies. Die skool het gekies om Verbruikerstudies met die praktiese opsie Kleding / Sagte Meublement as ’n vak aan te bied. Daarom is die **vereiste toerusting en fondse die skool se verantwoordelikheid, soos gespesifiseer in omsendbrief S8 van 2006.**
Dit is:

- ’n Geskikte klaskamer met die vereiste toerusting: 12 naaldwerkmasjiene, elektrisiteit en ander basiese toerusting vir naaldwerk, bv. strykysters, strykplanke, skêre . Al die toerusting moet in goeie orde wees. Genoeg elektriese koorde en elektriese kontakpunte moet beskikbaar wees.
- Die vereiste fondse om handelspatrone (volledig met instruksieblaaie), materiaal en ander benodigdhede aan te skaf om die gekose items te maak.

4. VOORBEREIDING VAN LEERDERS VIR DIE PRAKTIESE EKSAMEN

Gedurende die tyd toegeken vir praktiese werk (1½ uur van die voorgeskrewe 4 ure per week vir alle keusevakke) maak die leerders die gekose items onder leiding van die onderwyser, en leer die tegnieke aan wat in die praktiese eksamen getoets sal word.

Kies die patroon vir die item met inagneming van die vaardigheidskode in bylaag A.

Gedurende die praktiese eksamens maak die leerlinge dieselfde item of ’n soortgelyke item weer ’n keer. Hulle kan ook ’n kleiner weergawe maak.

Die item kan halfpad in die eerste praktiese eksamen gemaak word en voltooi word in die tweede eksamen.

Leerlinge kan ook twee kleiner items maak gedurende die klaspraktiese periodes, en dan elkeen van hierdie items weer ’n keer maak in die eksamen.

Die punte vir die item wat gedurende die weeklikse praktiese periodes gemaak word, word gebruik word vir die praktiese punt vir die kwartaal, en tel 25% van die kwartaalpunt.

5. MODERERING VAN DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

Die volgende inligting moet in die laaste week van die eerste kwartaal aan die vakadviseur voorgelê word vir goedkeuring:

a. Skets van die item wat tydens die praktiese klasse deur die leerders gemaak sal word.
b. Skets van die item wat in die twee praktiese eksamens gemaak sal word.
c. Lys van die tegnieke vir elke item volgens die vaardigheidskode (Bylaag A)
d. Die beplanning vir die aankope
e. Beraamde koste per leerder
f. Puntestaat vir die produk, opgestel deur die onderwyser. Volg die voorbeeld in Bylaag C.

Moderering deur die vakadviseur sal aan die einde van die derde kwartaal of die begin van die vierde kwartaal plaasvind. Die onderwyser moet die volgende beskikbaar hê op die dag van die moderering

- Die bewyse en punte van die implementeringsplan
- Die items van al die leerders wat gemaak is tydens die praktiese klasse
- Die items gemaak tydens die twee praktiese eksamens, alreeds geassesseer

- Die punte van al die leerders vir die twee praktiese eksamens
- ’n Aparte stel assesseringsvorms vir die moderator, met die name/ eksamennommers van leerders reeds ingevul.

Die moderator sal na goeddunke van die items nasien. Die moderator se assessering sal dan met dié van die onderwyser vergelyk word.

As die moderator vind dat die werk van die leerders en die punte van die onderwyser drasties verskil van die verwagte standaard vir Graad 12 , sal ’n blokaanpassing gemaak word. Die moderator sal dit met die onderwyser bespreek en die finale gemodereerde punt sal gebruik word.

6. TAAK 1: IMPLEMENTERINGSPLAN (VOLTOOI IN KWARTAAL 1)

a. Die leerder beplan om ’n kledingstuk / item vir sagte meublement tuis te maak en dan te verkoop.Die leerder moet ’n implementeringsplan ontwikkel om ’n tuisonderneming te begin, en ook die volhoubare winsgewendheid van die onderneming bepaal (Verwys na die afdeling *LEERDERTAAK*)

b. Die onderwyser kies patrone vir geskikte kledingstukke. Neem die vaardigheidskode en die moeilikheidsgraad van die naaldwerktegnieke in ag, soos aangedui in Bylaag A. Neem die begroting en beskikbare toerusting by die skool in ag, omdat die item in die klas gemaak moet word.

c. Die leerder kies ’n item (of items) vir die tuisonderneming.

d. Die onderwyser koop die kommersiële patroon en verskaf dit aan die leerders. Leerders moet die instruksieblad in die patroonkoevert gebruik vir hulle beplanning. Elke leerder moet sy eie patroon hê.

e. Verskaf ’n pryslys van die benodigdhede aan die leerders.

f. ’n Templaat mag nie vir die aanbieding van die taak gebruik word nie, want die leerders moet bewys lewer van netheid, organisasievermoë en toepaslike taalvaardighede insluitende korrekte spelling. Verwys na Bylaag B *Assesseringskriteria vir die implementeringsplan.*

7. TAAK 2: PRAKTIESE EKSAMEN: KWARTAAL 2

1. Aan die **einde van kwartaal 2, word ’n praktiese eksamen** afgelê waar die leerders op hulle eie ’n tweede weergawe van die item maak, onder eksamentoestande. ’n Kleiner weergawe van die item, of ’n soortgelyke item kan gemaak word.

2. ’n Drie-uur sessie moet op die eksamenrooster vir die tweede kwartaal ingesluit word vir die praktiese eksamen.

3. Die hoeveelheid leerders wat die taak gelyktydig kan doen sal afhang van
   - Die getal beskikbare naaldwerkmasjiene. Twee leerders kan een masjien deel.
   - Die beskikbare elektriese kragpunte en verlengtoue. Die elektriese kragpunte moet gebruik word vir die strykysters en naaldwerkmasjiene.
   - Die hoeveelheid strykysters en strykplanke (’n minimum van drie vir ’n groep van twaalf)
   - Die getal groot tafels beskikbaar vir die uitlê en uitsny van die items.

Kopiereg voorbehou

4. Twee groepe leerders kan die taak op dieselfde dag aflê (bv. van 7.30 – 11.30 en van 12.00 – 15.00). Die onderwyser het tyd tussen die twee groepe nodig om die klaskamer gereed te kry vir die tweede groep.

5. Skole met groot getalle leerders sal meer as een dag nodig hê om die eksamen af te lê, want leerders moet individueel werk.
6. Die onderwyser moet al die nodige materiaal en benodigdhede voor die tyd aankoop. Pak al die nodige apparaat voor die tyd uit en berei die sentrum voor.

Taak 2 word gedoen in twee sessies

Uitlê en uitknip (1 uur)

Dit mag vooraf gedoen word onder toesig van die onderwyser onder eksamentoestande. Elke leerder moet ’n patroon hê. ’n Patroon kan nie van die een leerder aangegee word na die volgende leerder nie.

Produksie (3 uur)

- Individuele leerders, onder toesig van die onderwyser, lê die eksamen af. Slegs die onderwyser en leerders mag gedurende die eksamen in die klaskamer wees. (Eksamen-toestande)

LET WEL: As die produk in die volgende eksamen voltooi moet word, mag die leerders die produk voltooi of foute regmaak **nadat** die onderwyser dit gemerk het, sodat hulle in staat is om met die volgende prosesse te begin.

8. TAAK 3: PRAKTIESE EKSAMEN KWARTAAL 3

Ter voorbereiding van hierdie praktiese eksamen moet die leerders gedurende die praktiese klasperiodes in kwartaal 3 die item wat in kwartaal 2 begin is, voltooi onder toesig van die onderwyser. Die onderwyser leer dan hierdie tegnieke vir die leerders. Die leerders kan ook in kwartaal 3 met ’n tweede artikel begin.

Die onderwyser mag die punte van die item gebruik vir die praktiese punt vir kwartaal 3.

1. Aan die **einde van kwartaal 3, word ’n praktiese eksamen** afgelê waar die leerders die tweede helfte van die artikel wat in die vorige eksamen begin is voltooi, of die nuwe item maak.

2. Die rooster vir die rekordeksamen in die derde kwartaal moet vir hierdie 3-uur eksamen voorsiening maak. Dit kan ook in die begin van die vierde kwartaal afgelê word as dit die skool beter pas.

3. Die voorwaardes vir die eksamen in kwartaal 3 is dieselfde as die vir die eksamen in kwartaal 2.

Kopiereg voorbehou

BYLAAG A

VAARDIGHEIDSKODE VIR NAALDWERKKONSTRUKSIETEGNIEKE

- 'n Gewig word toegeken vir elke tegniek, volgens die moeilikheidsgraad.
- Vir Graad 12 mag een item met 'n gewigswaarde van 80 gekies word en dan in twee take verdeel word
  OF
  Twee produkte met 'n gewigswaarde van 40 elk mag gekies word.
- Elke tegniek word slegs een maal vir die berekening van die gewigswaarde gebruik.
- Onderwysers kan tegnieke wat nie genoem word nie, byvoeg nadat dit met die vakadviseur bespreek is. "n Gewigswaarde sal dan in oorleg met die vakadviseur bepaal word.

Tegnieke	Gewig		Tegnieke	Gewig
Uitlê, sny, oordra van patroonmerke	10		Rolnate	5
Enkelnate met korrekte afwerkings	5		Soom	5
Geronde nate of nate met hoeke. Korrekte afwerking	5		Ritssluiter	10
Gefatsoeneerde belegsel vir hals of mou	10		Vaswerk van drukkertjies	5
Belegsel, nie gefatsoeneer nie	5		Knope en knoopsgate	10
Wegwerk van ruimte, minstens een metode	5		Opening /slip	5
Maak en vasheg van band (middel)	10		Voering in baadjie	10
Sak: ingesit in synaat of bo-op vasgewerk	10		Voering in romp	5
Versier met minimum van drie dekoratiewe steke	5		Maak en vasheg van kraag	15
Gevorderde borduurwerk/ versiering, bv. kralewerk	10		Maak en insit van 'n mou	10
Maak en vasheg van bande	5		Kwiltwerk/Appliek	10
Sny en gebruik van skuinsstroke (gebruik by 2 mousgate) + 5 punte	10		Finale stryk/pars (Slegs taak 3)	5

VOORBEELDE VAN KLEDINGSTUKKE

Tradisionele hemp:	
Uitlê. Uitknip. Aanbring van patroonmerke	10
Reguit nate en –afwerkings. Sy- en skouernate	5
Soom. Moue en middel	5
Opening/slip. Halslyn	5
Vasmaakmiddels: Knope en lussies, opening voor	5
Wegwerk van ruimte: Pylnate	5
Belegsel met tussenbelegsel. Halslyn	10
Versier halslyn met 'n minimum van 3 dekoratiewe steke	10
Ingesitte mou	10
Sakke bo-op gestik	10
Finale stryk	5
Totaal	**80**

Kinderrokkie	
Uitlê en uitknip. Oordra van patroonmerke	10
Reguit nate en -afwerkings. Sy- en skouernate	5
Wegwerk van ruimte	5
Ritssluiter	10
Knip en gebruik van skuinsstroke vir mousgate	10 + 5
Maak en vasheg van kraag	15
Soom	5
Versier met 'n minimum van 3 dekoratiewe steke	10
Finale stryk	5
Totaal	**80**

Onderbaadjie	
Uitlê en uitknip. Aanbring van patroonmerke	10
Reguit nate en -afwerkings. Sy en -skouernate	10
Voering	15
Knope en knoopsgate	10
Wegwerk van ruimte: pylnate	5
Sak bo-op gestik	10
Belegsel met tussenbelegsel	10
Finale stryk	5
Totaal	**80**

VOORBEELDE VAN SAGTE MEUBLEMENT

Inkopiesak	
Uitlê en uitknip, oordra van patroonmerke	10
Reguit nate en –afwerkings	5
Geronde nate of nate met hoeke. Afwerkings	10
Ritssluiter	10
Appliek	10
Sak bo-op gestik	10
Skuinsstrook/omboorsel	10
Maak en vasheg van bande	5
Finale stryk	5
Totaal	**80**

Vierkantige kussing	
Reguit nate met geskikte afwerkings	5
Skerp hoeke op die vier hoeke	5
Ritssluiter	10
Knip en gebruik van skuinsstroke/ skuinsomboorsels	10
Gevorderde borduurwerk/versiering, bv. kralewerk	10
	40
Oortreksel vir huishoudelike toestel	
Uitlê en uitknip. Aanbring van patroonmerke	10
Voering	5
Geronde of hoekige nate met geskikte afwerkings	10
Kwilt/Appliekwerk	15
	40
Totaal	**80**

Kussingsloop en duvet vir baba	
Uitlê en uitknip, Korrekte afmetings	10
Reguit nate met geskikte afwerkings	5
Rolnate	10
Hoekige nate	5
Some by sloop en duvet-opening	5
Vasmaakmiddels	5
Knip van skuinsstroke Maak en vaswerk van skuinsomboorsel met koord in	10
Appliekwerk	15
Versiering met ten minste 3 dekoratiewe steke	10
Finale stryk	5
Totaal	**80**

BYLAAG B
Assesseringskriteria vir implementeringsplan

Inligting benodig		Assesseringskriteria	
1	Gekose produkte	• Al die tegnieke gelys en beskryf in die korrekte volgorde. Die plek waar die tegniek gebruik gaan word op die item is duidelik aangedui. • Illustrasie / skets / foto van die voltooide produk duidelike aanduiding van die finale produk. • Lys en verduidelik enige 3 relevante redes waarom die gekose item geskik is vir 'n tuisonderneming.	**10** **3** **3**
2	Teikenmark	• Beskrywing en profiel van die teikenmark 4 • Beskrywing van die eienskappe van die produk wat belangrik sal wees vir die teikenmark 3	**7**
3	Kompetisie	Name van 3 besighede wat dieselfde items verkoop 2 Noem een item wat dieselfde as joune is wat verkoop word deur elke besigheid 2 Pryse van twee soortgelyke items wat verkoop word by die besighede 2 Beskrywing hoe jou item sal verskil van bogenoemde items, sodat jy 'n kompeterende voordeel het 3	**9**
4	Hulpmiddels en toerusting	• Realistiese lys van hulpmiddels / toerusting wat jy alreeds het 4 • Realistiese lys van hulpmiddels / toerusting wat jy sal moet koop of huur 4	**8**
5	Bemarking-strategie	**PRODUK / ITEM** • Handelsnaam 1 • Slagspreuk of sin wat jou kliënte se aandag sal trek 2 • Besonderhede van verpakking (Geldige redes vir die keuse, tipe van materiaal, vorm en grootte) 3 • Etikette o Inligtingsetiket: volledig, bv. handelsnaam, adres en kontakbesonderhede, vervaardigingsdatum . Aantreklik, pas by die beeld van die produk, netjiese en professionele voorkoms 5 o Versorgingsetiket met alle relevante was, stryk en ander instruksies, netjiese en professionele voorkoms 5	**16**
		Promosie • Beskrywing van advertensiestrategie. Toepaslike advertensieveldtog – Hoe, waar, wanneer, wat? 4 • Advertensie: 7 Eenvoudige uitleg: duidelike verstaanbare boodskap Produk duidelik genoem Hoofopskrif duidelik sigbaar Boodskap kort, direk en kreatief rondom een idee Effektiewe gebruik van kleur Geskikte foto / skets Prys ingesluit Netjiese en professionele voorkoms	**11**
		Plek Naam van verkoopspunt √, redes vir keuse van verkoopspunt √√√√, vervoer reëlings √, storing √, aflewering √	**8**
6	Koste, produksiekoste, verkoopprys, wins	**Sien templaat wat voorsien word vir berekening van kostes** Die onderwyser merk enige drie van die materiale wat in die tabel ingevul is	**25**
		Totaal	**100**

BYLAAG C **VOORBEELD VAN PUNTESTAAT**

	TRADISIONELE HEMP		Name van leerders											
	Uitlê en uitsny: Praktiese eksamen : Tyd 1 uur	**PUNTE**												
1	**UITLEG VAN DIE PATROON**	**16**												
	Materiaal korrek gevou	2												
	Alle patroondele op lengtedraad geplaas	4												
	Alle relevante dele op vou geplaas	4												
	Geen vermorsing van materiaal	2												
	Patroondele vasgespeld op die materiaal	4												
2	**UITKNIP. OORDRA VAN PATROONMERKE**	**14**												
	Reguit uitgesny	4												
	Op die snylyn	2												
	Kepies akkuraat gesny	4												
	Patroonmerke korrek en duidelik oorgedra	4												
	Praktiese eksamen Kwartaal 2: Tyd 3 ure													
3	**WEGWERK VAN VOLHEID: PYLNATE**	**10**												
	Stiksel reguit	2												
	Smaller na die punt	4												
	Gare geknoop en weggewerk	2												
	Afwaarts gestryk	2												
4	**SKOUER- EN SYNATE**	**20**												
	Naattoelating korrek en gelyk	5												
	Stiksel reguit	5												
	Geronde onderarmnaat, kepies korrekte afstande	5												
	Naatafwerking (sig-sag, of enige geskikte metode)	5												
5	**HALSLYN MET GEVORMDE BELEGSEL MET TUSSENBELEGSEL EN SLIP**	**40**												
	Skouernate van belegsel en kledingstuk kom ooreen	4												
	Tussenbelegsel korrek geplaas / korrek aangestryk	4												
	Reguit stiksels rondom neklyn om gladde neklyn te verseker	5												
	Opening / slip gestik tot by smalste punt	4												
	Opening / slip korrek uitgesny en hoeke uitgedun	4												
	Naat van neklyn geknip rondom kurwe	5												
	Rafelkant van belegsel afgewerk met geskikte afwerking	5												
	Gestryk / gestik na die draai	4												
	Belegsel lê plat	5												
	Totaal vir taak 2, insluitend uitlê en uitsny	**100**												

Kopiereg voorbehou

	Praktiese eksamen Kwartaal 3: Tyd 3 uur													
6	**SOME EN /OF MOUE: MET DIE HAND GEWERK**	**15**												
	Ewe breed	5												
	Wydte van soom geskik vir moue	2												
	Netjies gestik of met die hand gewerk	5												
	Lê plat	3												
7	**SOOM: MIDDEL: MASJIEN GESTIKTE**	**15**												
	Ewe breed	5												
	Wydte geskik vir soom van hemp	2												
	Masjienstiksel reguit, naby die kant van die vou	5												
	Lê plat	3												
8	**BO-OPGESTIKTE SAK**	**20**												
	Vorm en grootte van sak korrek, ewe breed	5												
	Sak korrek geplaas op hemp	2												
	Boonste stiksel reguit en korrekte wydte	3												
	Hoeke netjies en reghoekig	5												
	Masjienstiksel baie reguit en netjies	5												
9	**VERSIERING VAN HALSLYN MET MINIMUM VAN 3 DEKORATIEWE BORDUURSTEKE**	**30**												
	Geskikte patroon gekies	5												
	Patroon / steke korrek geplaas	5												
	Keuse van steke en kleure	5												
	Borduurtegnieke: grootte van steke eweredig en geskik, korrekte tegnieke vir elke steek, Agterkant van werk netjies sonder lang steke, afeindiging netjies	15												
10	**KRALEWERK AS DEEL VAN VERSIERING**	**10**												
11	**STRYK**	**10**												
	Totaal vir taak 3	**100**												

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERBRUIKERSTUDIES (KLEDING EN MEUBELSTOWWE)

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2008

TAAK VIR LEERDERS

Kopiereg voorbehou

TAAK 1 (KWARTAAL 1)

IMPLEMENTERINGSPLAN

Jy wil graag 'n tuisonderneming begin wat kwaliteit klere of sagte meublement produseer en verkoop. Die items moet geskik wees vir kleinskaalse produksie vanaf jou huis.

Kies 'n item / items van die lys verskaf deur die onderwyser en stel 'n implementeringsplan op.

- **Kies en beskryf jou teikenmark, en verduidelik waarom die produk geskik is vir die teikenmark.**
- **Versamel inligting oor kompeterende ondernemings wat dieselfde tipe produkte verkoop, en verduidelik hoe jou produk verskil van hulle produkte.**
- **Maak 'n lys van al die hulpmiddels en toerusting wat jy nodig gaan hê om die tuisonderneming te begin.**
- **Beplan 'n bemarkingstrategie vir jou produk.**
- **Bereken die produksieprys, verkoopsprys en wins.**

Gebruik die kriteria op die volgende bladsy en bied 'n netjiese plan aan. Duidelike, korrekte taalgebruik is belangrik.



Kopiereg voorbehou

<table>
<tr><th></th><th>Kriteria</th><th>Beskrywing</th><th>Punt</th></tr>
<tr><td>1</td><td>Gekose item/s</td><td>Verduidelik waarom die item/s geskik is vir kleinskaalse produksie vanaf jou huis</td><td>4</td></tr>
<tr><td>2</td><td>Teikenmark</td><td>Die items word geproduseer vir ’n spesifieke teikenmark.
2.1 Watter teikenmark sal geskik wees vir jou tuisonderneming?
2.2 Beskryf die profiel van die teikenmark.
2.3 Verduidelik die eienskappe van die item/s en verduidelik die geskiktheid van die items vir die teikenmark.</td><td>9</td></tr>
<tr><td>3</td><td>Kompetisie</td><td>3.1 Ondersoek en vind drie ander besighede wat dieselfde of soortgelyke items verkoop. Wat is die prys van hulle items? Gee jou antwoord soos volg in tabelvorm :
6
<table><tr><td>Naam van besighede</td><td>Item</td><td>Prys</td></tr><tr><td>1</td><td></td><td></td></tr><tr><td>2</td><td></td><td></td></tr><tr><td>3</td><td></td><td></td></tr></table>3.2 Verduidelik hoe jou item sal verskil van die items van hierdie ondernemings sodat jy ’n kompeterende voordeel het.
3</td><td>9</td></tr>
<tr><td>4</td><td>Hulpmiddels en toerusting</td><td>Lys die hulpmiddels, toerusting en gereedskap wat nodig is om die onderneming van jou huis af te begin, soos volg:
4.1 Lys wat jy by die huis het. 4
4.2 Lys wat jy moet koop of huur. 4</td><td>8</td></tr>
<tr><td rowspan="3">5</td><td>Bemarking

5.1 Produk</td><td>5.1.1 Kies ’n handelsnaam vir jou item/s.
2
5.1.2 Kies ’n slagspreuk / sin wat die kliënte se aandag sal trek 3
5.1.3 Beplan die verpakkingdetails. Beskryf die keuse van jou verpakking en 4 redes vir jou keuse. 5
5.1.4 Ontwikkel ’n etiket vir een item:
o ’n Versorgingsetiket 5
o ’n Etiket met al die ander relevante inligting 5</td><td>20</td></tr>
<tr><td>5.2 Promosie</td><td>5.2.1 Beplan ’n advertensiestrategie (hoe, wat, wanneer, waar?)
4
5.2.2 Ontwikkel ’n advertensie vir jou item/s. 10</td><td>14</td></tr>
<tr><td>5.3 Plek</td><td>5.3.1 Waar is jou verkoopspunt?
1
5.3.2 Waarom het jy die verkoopspunt gekies? Gee 4 redes. 4
5.3.3 Beplan die vervoer-, stoor- en afleweringsstrategieë. 3</td><td>8</td></tr>
<tr><td rowspan="3">6</td><td rowspan="2">Prys</td><td>6.1 Bereken die koste van een item (Gebruik die templaat op die volgende bladsy) 12
6.2 Voeg die oorhoofse koste by. 3
6.3 Bereken die verkoopprys. 5
6.4 Bereken die wins. 2</td><td>22</td></tr>
<tr><td>6.3 Besluit op die mark-up % om kompeterend te wees. 1
Motiveer hoekom jy hierdie persentasie gekies het om by te sit vir wins. 2
Bereken jou verkoopprys 2</td><td>5</td></tr>
<tr><td>Wins</td><td>6.4 Jy wil 10 items per maand verkoop.
Bereken jou wins per maand.</td><td>4</td></tr>
<tr><td>7</td><td>Aanbieding</td><td>Netjiese en georganiseerde uitleg. Korrekte taalgebruik en spelling.</td><td>5</td></tr>
<tr><td></td><td></td><td>Totaal</td><td>100</td></tr>
</table>

6. PRYSBEREKENING

Naam van kandidaat:

Naam van item:

6.1 Bereken die koste van een item (12)

Materiale, patrone, benodigdhede, ens. (2)	Aankoopeenheid, bv. meters (2)	Aankoopkoste per eenheid (2)	Aantal eenhede gekoop (2)	Totale koste (2)
				R
				R
				R
				R
				R
				R
				R
				R
				R
		Totale koste van inkopielys vir een item		**R** (2)

6.2 Prys

Bereken 20 % van totale koste vir oorhoofse koste (2)

Die koste plus oorhoofse koste is … (1)

6.3 Verkoopprys

Om kompeterend te wees moet die *% mark-up* , _____% wees (1)

Die rede waarom jy hierdie persentasie byvoeg is: (2)

Bereken die verkoopprys deur die *mark-u*p % by te tel. Wys berekeninge (2)

6.4 Bereken die wins per maand as jy 10 items per maand verkoop

(2)

TAAK 2 (KWARTAAL 2)
PRAKTIESE EKSAMEN

Jy sal die patroon vir die item wat jy maak, van die onderwyser ontvang.
Skryf die tegnieke wat jy gaan gebruik om hierdie item te maak, neer, in die volgorde waarin jy die item gaan maak. Jy sal punte ontvang vir die uitvoering van die tegnieke.

A	**Uitlê en uitsny** **Tyd: 1 uur**	**30**
B	**Produksie** **Tyd: 3 uur**	**70**
	Maak die item wat jy uitgesny het, terwyl jy die volgende tegnieke toepas:	
1		
2		
3		
4		
5		
6	Ens.	

Aandag: as jy die item in kwartaal 3 wil voltooi, mag jy die eerste helfte van die produk verbeter NADAT die onderwyser dit nagesien het, sodat jy dit in kwartaal 3 kan voltooi.

Kopiereg voorbehou

TAAK 3 (KWARTAAL 3)
PRAKTIESE EKSAMEN

Jy moet die produk voltooi wat jy in die eerste praktiese eksamen begin het of ’n nuwe produk maak, soos aangedui deur jou onderwyser.

Skryf die tegnieke neer wat jy sal gebruik om jou item te voltooi, in volgorde van gebruik.

Punte word toegeken hoe jy die tegnieke toepas.

A	**Uitlê en uitsny** **Tyd: 1 uur** **SLEGS AS MET ’N NUWE PRODUK BEGIN WORD IN TAAK 3**	**30**

B	**Produksie** **TYD: 3 ure**	
	Maak die produk wat jy uitgesny het gedurende die uitsnysessie **OF** **voltooi die produk wat jy in die vorige eksamen begin het (taak 2), terwyl jy die volgende tegnieke toepas :**	**70** **of** **100**
1		
2		
3		
4		
5		
6	Ens.	

Kopiereg voorbehou